

Eliëser

uit my boek Mans uit die Bybel

Die man wat slim genoeg was om nie op sy eie ’n groot besluit te neem nie

Sy verhaal

“Hoe gaan Oom vir meneer Isak ’n vrou kry?” vra Heber vir die

soveelste keer, die verontwaardiging bitter in sy keel. “Hier kom ons die hele lange ent om ’n vrou te kom haal. Maar ’n vrou is mos nie soos ’n donkiemerrie wat jy uit die trop kan keer en deurkyk, en dan besluit of sy sal deug of nie! Kyk, ek is baie lief vir ons meneer Abraham, en ek dink meneer Isak verdien ’n bobaas-vrou, maar hierdie hele plan stink!” Om sy misnoeë te wys, spoeg hy met mening op die grond langs sy kameel.

“Stadig nou, Heber, stadig nou. Kom ons wag tot ons daar kom, voordat ons besluit dit sal nie werk nie,” paai hy, hoewel die onsekerheid sy maag al dae lank onderstebo het. “Ek klou maar net vas aan die woorde van ons meneer. Hy het belowe: ‘Die Here sal sy engel voor jou uit stuur sodat jy vir my seun ’n vrou van my land af sal kan bring.’”

“Gmf. Dis maklik om so ’n belofte te gee as jy lekker in jou tent kan sit en wag dat ander vir jou seun ’n vrou moet gaan soek!”

“Dis nou genoeg, Heber! Ek wil geen woord verder oor hierdie saak hoor nie.”

Toe hulle ’n hoogtetjie oor gaan, sien hy die stad voor hulle lê, en ’n fontein in die laagte, net buite die stadspoort. By die fontein klim hy af, en kniel in die stowwerige pad, en bid: “Here, God van Abraham wie se slaaf ek is, laat daar vandag iets met jy gebeur; betoon tog u trou aan my eienaar Abraham. Hier staan ek by die fontein waar die jongmeisies van die stad sal kom water skep. As ek vir ’n meisie vra: ‘Hou tog jou waterkruik dat ek kan drink,’ en sy antwoord: ‘Drink gerus, en ek sal jou kamele ook water gee,’ dan is dit sy wat deur U gekies is vir u dienaar, vir Isak, en dan sal ek weet dat U trou betoon aan my eienaar.”

Toe hy sy oë oopmaak, staan die mooiste jong vrou wat hy nog gesien het, voor hom, ’n ondeunde vonkel in haar oë.

Lees Genesis 24:1-27

Pas jy dalk in dié storie?

Eliëser is nie een van die groot helde van die Bybel nie. Trouens, sy naam (wat heel gepas “God is my hulp” beteken) staan maar net een keer in die Bybel, en dit nie eers in hierdie verhaal nie, maar in Genesis 15:2. Ons lees nooit weer van hom nie. En tog moet hy hier in Genesis 24 ’n sleutelrol in die geskiedenis van God se volk vervul. Die vrou wat hy moes gaan soek, sou immers die ma word deur wie God se volk tot stand sou kom.

Eliëser se probleem was dat hy hier skielik op onbekende terrein beland het. Sy lewe lank was hy gewoond om opdragte uit te voer, en nou, ewe skielik, verwag sy eienaar van hom om self ’n ontsettend belangrike keuse te maak. Hy moet vir Isak ’n vrou uitsoek. En, soos Heber tereg opgemerk het, sy lewe tot op daardie stadium het hom nie juis toegerus om sulke keuses te maak nie. G’n wonder nie dat hy van die begin af bedenkinge oor sy opdrag het, en dit ook teenoor Abraham opper. Abraham het hom aan die diepkant ingegooi, en hy voel glad nie gemaklik daar nie.

Ons is nie almal bestem om die Abrahams en die Isakke van die lewe te wees nie. Die meeste van ons is maar net gewone mense in ’n groot wêreld, wat iewers ’n kleinerige skakel in ’n groot ratwerk vorm. En laat ons maar eerlik wees: baie van ons verkies dit so. Sonder die hoë posisie het jy ook nie die groot verantwoordelikhede nie.

Maar selfs ons gewone mense kom van tyd tot tyd in ’n situasie soos dié waarin Eliëser beland het. ’n Situasie waarin jy ’n belangrike keuse moet maak, en jy voel glad nie opgewasse daarvoor nie. Jy ken daardie gevoel: jy kan aan ’n honderd verskonings dink hoekom jy die besluit moet uitstel. Jy lê en rondrol op jou bed en weet nie watter kant toe nie.

Hoe nou gemaak?

Glo jy in die krag van gebed? Glo jy dat die Here vir jou die antwoord sal gee? Nee, ek vra nie of jy oor die saak bid as jy in so ’n situasie beland nie. Ek vra of jy glo dat gebed ’n verskil sal maak.

Eliëser het dit geglo – en ’n antwoord op sy gebed ontvang, verstommend so. Dis ook wat die Here Jesus ons leer: dat ons moet bid dat God ons elke dag ons daaglikse brood sal gee (Lukas 11:3); dat elkeen wat vra, ontvang (Matteus 5:7,8); dat ons ons bekommernisse op Hom kan werp, want Hy sorg (vgl. 1 Petrus 5:7).

Dis ook wat Dawid gedoen het in Psalm 25:1-5:

Tot U, Here, rig ek my,

my God, op U vertrou ek.

Laat my vertroue tog nie tevergeefs wees nie,

laat my vyande nie juig oor wat met my gebeur nie.

Niemand wat sy verwagting in U stel,

sal beskaam word nie.

Dié wat nie op U vertrou nie,

hulle kom in die skande.

Maak my u wil bekend, Here,

leer my u paaie.

Laat u waarheid my lei en onderrig my daarin,

want U is God, my redder.

In U stel ek elke dag my verwagting.

Eliëser het dit gedoen, en hy is nie teleurgestel nie. Miskien moet ek en jy dit ook probeer?

Onlangse Bydraes

- Josef, die man wat koelkop gebly het in versoekings
- Potifar se vrou, wat nie met haar lyf en haar luste raad geweet het nie
- Tamar, die vrou wat haar eie skoonpa verlei het
- Joh 12:12-19 Verras deur die Man op die geleende donkie
- Juda

Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026